CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

# SmartCape Terms of use – Afrikaans

Making progress possible. Together.

**Inleiding**

1. Hierdie gebruiksvoorwaardes sit die Stad Kaapstad se voorwaardes uiteen vir die voorsiening van rekenaar- en verwante dienste aan die publiek, internet en e-pos ingesluit, en wil raad en hulp aan die gebruiker bied, wat gevolg moet word.

2. Die Stad Kaapstad sal, onderhewig aan die voorwaardes en bepalings soos hierin uiteengesit, sy bes doen om deurlopende (wanneer die biblioteek of ander openbare fasiliteit vir die publiek oop is), ononderbroke en foutvrye dienste aan SmartCape-gebruikers beskikbaar te stel.

**Algemene gebruiksvoorwaardes**

3. Elke individuele SmartCape-gebruiker kan net een keer registreer en net een gebruikersnaam en wagwoord gebruik. Individue mag geensins meer as een keer as gebruiker registreer of meer as een gebruikersnaam gebruik nie.

4. Elke individuele SmartCape-gebruiker waarborg dat hy of sy tydens die registrasieproses: (a) akkurate, huidige en volledige inligting soos aangevra verskaf, en (b) hierdie inligting bywerk sodat dit akkuraat bly, volledig en op datum bly. Indien die Stad Kaapstad sou agterkom of vermoed dat enige van hierdie gebruiker se inligting nie akkuraat, volledig of op datum is nie, behou die Stad Kaapstad die reg voor om toegang tot SmartCape-dienste onmiddellik en sonder kennisgewing op te skort of te beeindig, en om enige toekomstige gebruik van die diens te weier.

5. Elke gebruiker kies 'n gebruikersnaam en wagwoord as deel van die registrasieproses. Hierdie gebruikersnaam en wagwoord kan slegs deur die oorspronklike gebruiker gebruik word; gebruikers mag geensins aan enigiemand hierdie inligting gee nie en ook nie toelaat dat iemand hom of haar as die oorspronklike gebruiker voordoen ten einde toegang tot SmartCape te verkry nie. Elke gebruiker is verantwoordelik vir die geheimhouding van sy of haar gebruikersnaam en wagwoord en vir alle aktiwiteite wat daarmee verband hou. Indien 'n gebruiker bewus word van enige ongemagtigde gebruik van sy of haar gebruikersnaam en wagwoord, moet hulle SmartCape onverwyld in kennis stel. Voorts mag 'n gebruiker ook nie toegang tot die diens aan 'n ander party oordra of verkoop nie.

6. Die SmartCape-gebruiker onderneem om die toerusting wat by SmartCape-toegangspunte verskaf word, slegs vir die doeleindes waarvoor dit bedoel is en net op die manier soos aanbeveel (soos hierbo beskryf) te gebruik, en om niks te doen wat sal veroorsaak dat die toerusting nie vir hierdie doel deur die gebruiker of ander gebruikers gebruik kan word nie. Die gebruiker onderneem dus om die toerusting

met sorg, sover redelik, te gebruik en stem in om nie op enige wyse met die toerusting te peuter, dit te verander of te beskadig nie.

7. Net die Stad Kaapstad is verantwoordelik vir die verskaffing, konfigurasie en instandhouding van alle toerusting wat nodig is sodat die SmartCape-gebruiker die dienste kan gebruik wat deur die Stad Kaapstad ingevolge hiervan aangebied word, insluitend en sonder beperking, alle rekenaarhardeware, sagteware en telekommunikasietoerusting wat nodig mag wees en deur die SmartCape-gebruiker vereis word om die dienste wat hierin verskaf word te geniet. SmartCape-gebruikers erken dat hulle geen regte of verpligtinge in hierdie opsig het nie.

8. Die SmartCape-dienste maak gebruik van sagteware wat gebaseer is op FOSS ("Free and Open Source Software"). Die Stad Kaapstad behou die reg op sagteware wat spesifiek vir SmartCape Access Point ontwikkel is. Gebruikers word nie toegelaat om die geinstalleerde sagteware te verander of te kopieer nie, of om enige addisionele sagteware op die Smart Cape Access Point-rekenaars te installeer nie.

9. Die SmartCape-gebruiker erken hiermee dat:

- Die Stad Kaapstad-geriewe heeltemal op die risiko van die gebruiker verskaf word.
- Die Stad Kaapstad bied geen waarborg ten opsigte van die volgende nie:
- die beskikbaarheid van die rekenaars en die toepassingsagteware wat op enige gegewe stadium daarop loop.
- die beskikbaarheid van die draadlose netwerk.
- die beskikbaarheid van die e-posdiens van SmartCape.
- die beskikbaarheid en die spoed van internettoegang; of.
- die nuttigheid van die rekenaars en die toepassingsagteware wat vir enige spesifieke doel daarop loop.

Die Stad Kaapstad kan, van tyd tot tyd en sonder enige kennisgewing aan die SmartCape-gebruiker, die dienste in die volgende gevalle opskort of beeindig:

- 'n Tegniese onderbreking, modifikasie of instandhouding van die dienste of die toerusting waardeur die dienste verskaf word, of die Stad Kaapstad se SmartCape-netwerk;
- Indien die SmartCape-gebruiker:
- nie die voorwaardes en bepalings van hierdie ooreenkoms nakom nie; of
- iets doen of toelaat dat iets gedoen word wat, volgens die uitspraak van 'n beampte van die Stad Kaapstad wat vir hierdie doel aangestel is, 'n negatiewe effek op die werking van die Stad Kaapstad se SmartCape-netwerk, die

verskaffing van dienste aan die SmartCape-gebruiker of aan enige ander SmartCape-gebruiker[L1] , of die reputasie van die Stad Kaapstad het; of

- die diens en die toerusting wat gebruik word om dit te verskaf op welke wyse ook al wangebruik of misbruik,
- sal die Stad Kaapstad die diens aan die gebruiker of alle gebruikers beeindig of hierdie gebruiksvoorwaardes wysig om die heffing van 'n fooi wat individuele gebruikers moet betaal in te sluit.

11. Die Stad Kaapstad behou die reg en is daarop geregtig om enige naam, kode, nommer of aanmeld-ID wat deur die Stad Kaapstad vir gebruik met betrekking tot die dienste toegewys of toegelaat is, en die SmartCape-gebruiker vrywaar hiermee die Stad Kaapstad teen enige verlies of aanspreeklikheid wat uit sodanige wysigings mag spruit.

12. Die SmartCape-gebruiker erken dat tydelike onderbrekings tydens die gewone verloop van die verskaffing van dienste kan voorkom en die Stad Kaapstad sal vir geen skade as gevolg daarvan aanspreeklik gehou word nie.

13. Die Stad Kaapstad is nie verantwoordelik vir enige nagevolge met betrekking tot die oponthoud met internettoegang nie of aanspreeklik vir enige skade, koste of uitgawes van watter aard ook al wat deur die SmartCape-gebruiker of enige derde party aangegaan of gely is nie.

14. Die SmartCape-gebruiker erken dat hy of sy bewus is van die beperkinge van die dienste wat hierin verskaf word en dat diensgehalte en dekking afhanklik is van die Stad Kaapstad se SmartCape-netwerk en die infrastruktuur van die netwerkverskaffers daarvan, en dat die dienste van tyd tot tyd as gevolg van 'n paar verskillende redes waaroor die Stad Kaapstad geen beheer het nie, ongunstig geraak kan word.

**Steundienste**

15. Die SmartCape-gebruiker erken dat, so ver dit die dienste aangaan wat hiervolgens deur die Stad Kaapstad op 'n "geen tierlantyntjies, geen waarborge"-basis aangebied word, sal daar nie van die Stad Kaapstad verwag word om steundienste aan SmartCape-gebruikers te verskaf nie.

16. Indien 'n SmartCape-gebruiker 'n tegniese probleem ten opsigte van die verskaffing van SmartCape-dienste deur die Stad Kaapstad ondervind, kan die SmartCape-gebruiker die Toegangspuntadministrateur vra om die SmartCape-hulpkantoor by 021 400 3434 te skakel. Die probleem sal daar op band geneem word, aandag sal daaraan geskenk en dit sal opgelos word.

17. Die Stad Kaapstad bied geen waarborg of enige ander soortgelyke onderneming dat dit alle of enige van die probleme wat onder sy aandag gebring word, soos hierbo genoem, sal kan oplos of regstel nie.

**Sekuriteit**

18. Gebruikers kan slegs van die fasiliteite wat by SmartCape-toegangspunte verskaf word, gebruik maak met die gebruikersnaam en wagwoord wat aanvanklik deur hulle gekies en daarna aan hulle toegewys is, of later toegeken is toe 'n gebruikersnaam of wagwoord verlore geraak het. Gebruikers mag nie die gebruikersnaam van iemand anders om enige rede of op enige tydstip gebruik nie.

19. Elke SmartCape-gebruiker moet alle redelik voorsorg tref om ongemagtigde gebruik van die SmartCape-geriewe deur ander, ongeregistreerde individue ingesluit, te voorkom. Elke gebruiker is vir die kies van 'n wagwoord wat vertroulik gehou moet word, verantwoordelik. Gebruikers moet hulle wagwoord verander as hulle vermoed dat dit aan ander bekend geword het.

20. Die Stad Kaapstad en die gebruikers van die SmartCape-toegangspunte erken uitdruklik dat dit onmoontlik is om volle sekuriteit van inligting wat verskaf of transaksies wat op die internet gedoen word te handhaaf.

21. Ten einde die sekuriteit en betroubare bedryf van die Stad Kaapstad se SmartCape-netwerk aan alle SmartCape-gebruikers te verseker, behou die Stad Kaapstad hiermee die reg om die nodige stappe te doen wat die Stad Kaapstad ook al toepaslik mag vind om die sekuriteit en betroubaarheid van die SmartCape-netwerk te bewaar.

22. Die SmartCape-gebruiker erken en waarborg dat hy of sy nie SmartCape-dienste sal gebruik om die sekuriteit van die Stad Kaapstad te kompromitteer of om met die netwerk van die Stad Kaapstad, of enige inligting op die netwerk van die Stad Kaapstad of enige rekenaar wat deur die Stad Kaapstad gebruik word, of die van enige ander persoon of organisasie te peuter nie.

**Gebruikersetiket en sanksies vir skending**

23. Die SmartCape-gebruiker onderneem om, en waarborg dat hy of sy hom of haar tot algemeen aanvaarbare internetetiket sal skik en by die Stad Kaapstad se Algemene Riglyne vir Internettoegang en Algemene Reels vir die Beheer van Internetgebruik (kyk Deel 1 van hierdie gebruiksvoorwaardes) sal hou wat van tyd tot tyd na die Stad Kaapstad se diskresie gewysig kan word, (en die SmartCape-gebruiker skeld hiermee die Stad Kaapstad vry en hou die Stad Kaapstad geensins aanspreeklik vir verlies of

skade van enige aard wat die gevolg van enige skending van sodanige onderneming is nie) en hierdie beleide sluit die riglyne hieronder in, maar is nie daartoe beperk nie:

- nie gewikkel sal raak by enige misbruik van e-pos of rommelstuur nie, insluitend, maar nie daartoe beperk nie, die pos of kruispos van ongemagtigde artikels met dieselfde boodskap (of wesenlik dieselfde boodskap) aan meer as 5 (vyf) nuusgroepeontvangers wat nie die ontvangs van sodanige boodskappe versoek het nie;
- geen boodskappe, data, beeld of program sal pos of versend nie wat lasterlik, beledigend, diskriminerend, ontwrigtend, onbetaamlik, op enige manier seksueel-eksplisiet is, of enige ander persoonlikheidsregte skend nie;
- geen boodskap, data, beeld of program sal pos of versend nie wat beledigend, dreigend, onjuis, teisterend, skadelik, haatlik teenoor ander is; of wat kwaad voorstaan gegrond op hul geslag, ras, seksuele orientasie, ouderdom, geloof of politieke oortuigings, nasionaliteit, siekte of liggaamlike of geestelike gestremdheid;
- geen materiaal sal versend, versprei of stoor nie wat 'n oortreding is van enige wet of regulasie, insluitende enige materiaal wat deur kopiereg beskerm word, handelsmerk, handelsgeheime of enige ander intellektuele eiendomsregte;
- geen boodskap, data, beeld of program sal pos of versend nie wat die intellektuele eiendomsreg van ander skaad nie;
- nie sal inmeng met die gebruik van die internet deur enige ander SmartCape-gebruiker of ander gebruikers nie;
- geen leer wat 'n virus, wurm of trojaanse perd bevat, sal pos of versend nie, of enige ander vernietigende kenmerke, ongeag of skade deur die SmartCape-gebruiker bedoel word of nie;
- benewens die SmartCape-gebruiker se eie, nie Usenet-pos sal kanselleer nie;
- om nie ongevraagde posboodskappe, insluitende en sonder beperking, geldmaakskemas, kettingbriewe, kommersiele reklame en inligtingsaankondigings sal stuur nie en ook nie aanhoudend strooipos aan nuusgroepe sal pos nie;
- nie e-pos-adresse en/of name vir kommersiele, politieke, liefdadigheids- en soortgelyke doelstellings sal versamel nie;
- nie inbreuk sal maak op die privaatheid van enige persoon of om die sekuriteit van enige stelsel of netwerk te skend nie, wat insluit, maar nie beperk is nie tot:
- stelselinbreking;
- ongemagtigde toegang tot of gebruik van data, stelsels of netwerke, insluitende pogings om in te breek, te verken of toets van die kwesbaarheid van enige stelsel of netwerk, of om sekuriteit of magtigingsprosedures te skend sonder die uitdruklike magtiging van die eienaar van so 'n stelsel of netwerk;

- ongemagtigde monitering van data of verkeer op enige netwerk of stelsel sonder uitdruklike magtiging van die eienaar van so 'n stelsel of netwerk;
- nie die identiteit van 'n persoon wat verantwoordelik is vir 'n e-pos of ander elektroniese boodskap (bv. by die gebruik van iemand se e-posrekening sonder toestemming deur sogenaamde "IP spoofing", of iemand se boodskap sonder toestemming te verander) verkeerd sal voorstel nie;
- geen wet, regulasie of tarief sal oortree nie wat in Suid-Afrika of elders van krag is. In hierdie verband onderneem die SmartCape-gebruiker om homself of haarself vertroud te maak met, en te verseker dat hy of sy voortdurend op hoogte gehou word van wysigings aan sulke wette, regulasies of tariewe wat van tyd tot tyd van krag mag wees en wat enige betrekking op die SmartCape-gebruiker se toegang tot, of gebruik van die internet mag he;
- geen daad of weglating sal pleeg wat algemeen onaanvaarbaar of beledigend is vir internetgebruikers oor die algemeen, die publiek in die bree of, soos wat van tyd tot tyd deur die Stad Kaapstad in sy eie en volstrekte diskresie bepaal mag word, insluitende maar nie beperk tot die aanhou of versending van pornografiese materiaal nie;
- geen SmartCape-beleid, wat opgedateer en gepubliseer kan word of van tyd tot tyd toeganklik is op die SmartCape-webwerf, sal oortree nie;
- niks sal doen wat geneig is, 'n uitwerking het of 'n uitwerking kan he op die aanrig van skade aan die goeie naam van die Stad Kaapstad, sy direktorate, departemente, of enige affiliate nie;
- geen daad of weglating sal pleeg wat 'n nadelige tegniese uitwerking kan he op die integriteit of funksionering van die SmartCape-netwerk nie;
- op hoegenaamd geen manier en direk of indirek alles of enige deel van die dienste wat deur die Stad Kaapstad voorsien word, sal herverkoop of beskikbaar te stel aan derde partye nie;
- op geen manier sy of haar aanmeld-ID (gebruikersnaam en wagwoord) sal gee of beskikbaar te stel aan enige ander persoon vir enige persoon se gebruik nie, en om te onderneem om alle nodige stappe te doen om veilige bewaring en vertroulikheid te verseker van sulke aanmeldkodes en wagwoorde wat deur die Stad Kaapstad voorsien mag word vir gebruik deur die SmartCape-gebruiker, en dit veral nie bekend sal maak aan enige derde party sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Stad Kaapstad nie;
- nie sy of haar gebruikersnaam en wagwoord (aanmeld-ID) vir enige gelyktydige aanmeld sal gebruik nie en om ook nie enige ander persoon toegang tot of gebruik van so 'n aanmeld-ID sal toelaat nie; of
- op geen manier wysigings van hierdie beleidreels en riglyne, wat van tyd tot tyd op die SmartCape-webwerf gegee word, sal oortree en skend nie.

24. In die geval waar die SmartCape-gebruiker betrokke sou raak by enigeen of meer van die praktyke wat gemeld word in hierdie seksie GEBRUIKERSETIKET EN SANKSIES VIR SKENDING), wat besluit sal word na die Stad Kaapstad se diskresie en welke besluit finaal sal wees, sal die Stad Kaapstad geregtig wees om sonder benadeling van sy regte:

sonder kennisgewing die SmartCape-gebruiker se registrasie en/of toegang tot die diens op te skort of te beeindig;
enige koste van die SmartCape-gebruiker te verhaal wat deur die Stad Kaapstad aangegaan is, insluitende, maar nie beperk nie tot bandwydte, administrasiekoste, staantyd, gebruik van die Stad Kaapstad se naam of geregistreerde domeinname en SVE (sentrale verwerkingseenheid)-kringlope;
almal wat enige aanstootlike rommelpos ontvang het of wat nadelig geraak is deur so-iets te laat weet wie die SmartCape-gebruiker is;
ingeval so-iets 'n nadelige tegniese uitwerking op die Stad Kaapstad se netwerk het, vereis dat die SmartCape-gebruiker die nodige stappe doen om die posisie op sy of haar koste reg te stel;
om hierdie ooreenkoms te beeindig waar dit op die spesifieke gebruiker van toepassing is;
en om regstappe in te stel, insluitende, maar nie beperk nie tot kriminele vervolging volgens toepaslike wetgewing wat van tyd tot tyd in Suid-Afrika van krag is.
BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID

25. Ondanks enigiets tot die teendeel wat in hierdie ooreenkoms vervat is, sal die Stad Kaapstad nie aanspreeklik wees teenoor die SmartCape-gebruiker of enige ander persoon nie ten opsigte van enige verlies of skade van watter aard ook al wat veroorsaak is of ontstaan het as gevolg van enige van die volgende omstandighede nie, en die SmartCape-gebruiker vrywaar hiermee die Stad Kaapstad teen enige eise ten opsigte van sodanige verlies of skade,enige feit of omstandigheid buite die redelike beheer van die Stad Kaapstad:

- enige ineenstorting in enige van die dienste wat voorsien word deur Telkom en ander diensverskaffers aan die Stad Kaapstad (insluitende, maar nie beperk tot 'n lynfout nie);
- die werkverrigting of onbeskikbaarheid van die Smart Cape-netwerk of enige ander netwerk waaraan die SmartCape-netwerk of die SmartCape-rekenaars gekoppel is;
- enige tegniese fout in die dienste wat voorsien word deur die Stad Kaapstad, of die onderbreking of opskorting met enige van die Stad Kaapstad se verpligtinge kragtens hierdie ooreenkoms as direkte of indirekte gevolg van

enige tegniese probleme, insluitende, maar nie beperk nie tot die weiering van toegang tot enige webwerf of inligting wat op die internet beskikbaar is;

- enige verbreking van privaatheid of sekuriteit deur enige persoon of entiteit wat geraak word deur middel van die SmartCape-netwerk of enige ander kommunikasienetwerk waaraan dit gekoppel mag wees;
- die verlies, skade, vernietiging, diefstal, kontaminasie of korrupsie van enige data, inligting of inhoud wat toeganklik is deur middel van die SmartCape-netwerk;
- die bewaring en integriteit van enige teks of enige ander vorm van data, inligting of inhoud wat toeganklik is by wyse van die internet;
- enige publikasie of gebruik van enige inligting of data wat op die internet bevat is;
- die SmartCape-gebruiker se gebruik van die diens, of toegang tot die internet;
- die SmartCape-gebruiker se versuim om sy verpligting na te kom kragtens hierdie ooreenkoms, insluitende, maar nie beperk nie tot versuiming om te voldoen aan enige riglyne soos in hierdie gebruiksvoorwaardes uiteengesit.

26. Sonder om die algemeenheid van die voorafgaande te beperk, sal die Stad Kaapstad nie aanspreeklik wees nie vir enige gevolglike of toevallige verlies gely deur die SmartCape-gebruiker of enige ander persoon nie en die gebruiker vrywaar hiermee en skeld die Stad Kaapstad vry van enige sodanige eis of aanspreeklikheid, insluitende, maar nie beperk nie tot verlies aan wins en/of verlies aan verwagte besigheid

27. Die SmartCape-gebruiker erken uitdruklik dat die Stad Kaapstad geen inligting, produkte of dienste bedryf, beheer of endosseer wat aangebied of waartoe toegang deur middel van die internet verkry word nie, en dat enige entiteit wat wel sodanige inligting, produkte of dienste bied, op geen manier by die Stad Kaapstad geaffilieer is nie. Die Stad Kaapstad tree nie op as 'n agent van so 'n entiteit nie en voorsien ook geen uitdruklike of geimpliseerde waarborg of endossemente ten opsigte van sodanige inligting, produkte of dienste aan die gebruiker of hoegenaamd enige ander persoon nie. Die Stad Kaapstad aanvaar geen aanspreeklikheid nie vir en die gebruiker vrywaar hiermee die Stad Kaapstad teen enige eis of aanspreeklikheid wat mag ontstaan as gevolg van enige inligting, produkte of dienste wat te koop geadverteer word, geassosieer is met of vertoon word op die Stad Kaapstad se webwerf of waartoe toegang op die SmartCape-netwerk verkry kan word.

28. Geen uitsondering of kwytskelding van enige bepaling van hierdie van hierdie gebruiksvoorwaardes deur die Stad Kaapstad of vertraging in die toepassing van enige bepaling van hierdie gebruiksvoorwaardes sal onder enige omstandigheid beskou word asof dit toestemming of keuse deur die Stad Kaapstad impliseer, of dien

as 'n kwytskelding of negering van enige van die Stad Kaapstad se regte, of dit andersins raak nie, kragtens of voortspruitend uit hierdie gebruiksvoorwaardes of stop of voorkom dat die Stad Kaapstad te enige tyd en sonder kennisgewing streng en stiptelik elke bepaling of voorwaarde van hierdie gebruiksvoorwaardes afdwing.

Hierdie weergawe is op 25 Januarie 2010 uitgereik.